GETUIENIS BYLAAG

Botswana-uitreik is nie vir swak harte nie

Dit klink miskien baie romanties en na ‘n heerlike avontuur, maar diegene wat ons gemeente se jaarlikse uitreik na die onbereikte dele van Botswana al meegemaak het, weet dat dit bitter harde werk is.

Ds Chris praat met groepie mense in Botswana

Net viertrekvoertuie kan dit op dié tog waag, want paaie is daar nie altyd nie en dié wat daar is, is dikwels haas onbegaanbaar.

En dan is daar die afpak en oppak met elke verskuiwing na ‘n nuwe terrein. Want alles wat jy gaan nodig kry, moet saamgaan - tente, lampe, tafels, stoele, slaapsakke, die film- en klanktoerusting en les bes, kos en klere vir twee weke. Die minimum.

Is jy bevoorreg om by ‘n bestaande kampterrein uit te kamp, moet jy die agtermiddag, wanneer ander kampeerders hulle vir ‘n genotvolle aandjie om die vuur inrig, reeds begin gereed maak vir die aand se uitreik, wat miskien etlike kilometers daarvandaan plaasvind.

Die Jesusfilm volgens die evangelie van Lukas, wat wêreldwyd gebruik word en reeds in meer as 400 tale en dialekte vertaal is, word vertoon. Na afloop van die vertoning word almal genooi om die span te ontmoet. Indringende vrae word soms gestel, want dikwels is dit mense wat nog nooit die evangelie gehoor het nie en deur die boodskap aangegryp is.

Hulle wil weet of dit wat hulle gesien en gehoor het die waarheid is. En is dit ook vir my bedoel, ek wat ‘n vigslyer is en weet dat ek nie meer lank het om te lewe nie? En wanneer kom julle weer? En kan julle ook op so-en-so ‘n plek met ons kom praat? En waar kan ons Bybels kry? Ook in ons eie taal – Tswana, Lozi?

Die teenwoordigheid van die Heilige Gees is voelbaar en jy jubel in sy krag.

Dis middernag teen die tyd dat jy inkruip en more-oggend is dit vroeg uit die vere sodat jy gewas en geëet kan kom voordat ds Chris met oggendgodsdiens begin en daar opgepak word vir die dag se reis na die volgende bestemming.

Dis harde werk, ja. Fisiek en emosioneel is dit uitmergelend. Maar op daardie oomblik wil jy dit vir niks anders verruil nie.

Wat het naaldwerk en getuienis-bediening gemeen?

Sommer baie. Dit is wat Donderdae se naaldwerkklas glo, want so halfpad tussen die middag se knippery en stikkery deur word alles gelos om eers saam te sing, te lees en te besin oor ‘n boodskap uit die Woord, en saam te bid.

Die dames hard aan die werk

Miskien is dit juis die sleutel tot die hartlike atmosfeer wat die werksklas kenmerk, die gesindheid van liefde en opoffering tussen hulle wat hulp gee en hulle wat dit ontvang. Want sê die Woord nie niemand leef vir homself nie? Hier leer ‘n mens om ruimte vir mekaar te maak en om elkeen se bydrae te waardeer. Die ywer van hulle wat gretig is om self iets te maak is beloning genoeg vir dié wat wat bereid is om van hulle tyd en kennis af te staan.

As jy belangstel om in dié besonderse ervaring te deel, of om ‘n skenking van material of patrone te maak, skakel gerus vir Marie Grové by 12 332 0625.

Begin by die kinders

Wat jy aan moedersknie leer, vergeet jy nie sommer nie; dit word deel van jou ingesteldheid teenoor die lewe. Dié waarheid geld veral vir ons geestelike lewe en groot sukses word behaal met die toepassing daarvan in die sendingveld.

Kinderevangelisasie in die Filippyne

Die meeste inwoners van die Filippyne is animiste en weet niks van die verlossing wat daar in Jesus Christus is nie. Dit is dus ‘n braakveld vir evangelisasie. Dr Pieter Conradie van Sending Asië 2000 en ‘n bekende in ons gemeente, is die afgelope jare aktief besig om in dié land sendingwerkers op te lei en mense vir die evangelie te wen. Waverley dra finansieel by tot die salaris van een van Asië 2000 se sendelinge, Joel Isang

Een beproefde metode om die mense te bereik, is om by die kinders te begin. April en Mei is skoolvakansie in die Filippyne. Dan word daar intensief op kinderevangelisasie gefokus. Feitlik al Asië 2000 se evangeliste neem aan dié program deel.

Gewoonlik word ‘n Bybelkursus aangebied en met ‘n formele seremonie afgesluit. Dit is ‘n heuglike geleentheid wat deur die trotse ouers, oupas en oumas en ander familie bygewoon word. Daar word dan van dié kans gebruik gemaak om die volwassenes te oorreed om ook die Here aan te neem.

Vervolg op bladsy 2

STROME WATER UIT DIE DORSLAND

"Vir veertien jaar was ons in die 'woestyn' en nou het God ons uitgelei…" So skryf die kerkraad van Marydale nadat Waverley hulle gehelp het om weer 'n eie leraar te beroep deur maandeliks R4 000 tot sy salarispakket by te dra.

Ontvangs van ds Samuels op Marydale

En nou blom die woestyn in daardie afgesonderde deel van die Noord-Kaap, waar hoop lankal vergaan het - saam met die werkloosheid wat gevolg het op die sluiting van die asbesmyne in die omgewing, die wegtrek van blanke inwoners, die toenemende armoede en morele verval.
Die bevestiging van die baie dinamiese ds Samuels enkele maande gelede het die hele gemeenskap in 'n greep van afwagting gehad. Hy is met diepe dankbaarheid en ongelooflike entoesiasme ontvang en byna oornag het gesindhede verander. Die kerk is vol, offergawes het verdubbel, die Sondagskool is weer op dreef, 'n mannebond is gestig om die lam knieë te versterk. Die eens herderlose gemeenskap het 'n herder gekry. Bid asseblief!

Ds Samuels se aanstelling is wyd verwelkom en daar word reeds vanuit verskillende oorde aanspraak gemaak op sy tyd en aandag. Hy is boonop ook voltyds onderwyser. Groot eise word aan hom gestel en hy het ons gebede en onderskraging baie nodig.

(As u spesifiek vir hierdie saak wil bydra, kan u u bydrae en in die kollektesakkie plaas deur dit Noord-Kaap Bediening te merk.
U kan dit ook by ABSA inbetaal:
Naam van rekening: Noord-Kaap Bedieningsfonds
Rekeningnommer: 90184091)

Vervolg vanaf bladsy 1

…en by Inkululeko

Dieselfde geld vir Inkululeko-dagsorgsentrum in Salvokop, wie se kleuters al meermale in ons gemeente opgetree het.

Die skool is as direkte uitvloeisel van ons sendingaksie gestig, met Lalie Fourie , destyds van ons gemeente, aan die spits. Dit word steeds finansieel deur ons gesteun. Salvokop (regoor die tronk) is 'n vervalle deel van Pretoria.. Die huise behoort aan Spoornet en is oorvol en verwaarloos. Die inwoners is meestal enkelouergesinne van alle rasse en uit alle dele van Afrika. Baie is werkloos of afhanklik van smous- en stukwerk.

In hierdie haglike omstandighede is Inkululeko 'n lig in die duisternis en geniet dit groot aansien onder die inwoners. Ongeveer 60 kleuters woon die skool by, maar baie min ouers kan die skoolgeld bekostig en daar word dus swaar op skenkings gesteun.

Brief vanaf Morgenster sendingstasie (Zimbabwe)

....."Die groot vraag in gewone Zimbabwiërs se harte is of die volgende vier weke wat vir ons voorlê, vir almal die kans sal gee om vreedsaam hulle gang te gaan,politieke byeenkomste van hulle keuse by te woon en hulle stem uit te bring op *27 Junie...

Weens die mislukking van die landbouseisoen in Zimbabwe, begin al hoe meer gesinne rondom Morgenster ly aan voedseltekorte. Vir die meeste van die deursneë-plattelanders is dit eenvoudig net nie meer moontlik om kos in 'n winkel te kan koop nie - wat hulle eet, moet hulle self produseer of deur ruilhandel van hulle bure kry. Dit wat (soms) in die winkels is, is onbekostigbaar. En die groot nie-regeringsorganisasies soos CARE , World Vision en die VN se World Food Programme, word tans eenvoudig nie toegelaat deur die regering om voedsel te versprei nie. As hierdie situasie nie verander nie, sal ons in Masivingo-provinsie oor twee maande 'n hongersnood in die gesig staar..... (d.w.s. teen ± Julie/Aug 2008 - NJC)

Wat die Kweekskoolstudente betref, raak die situasie vir hulle nou haglik. Hulle toelaes.....het eenvoudig net nie meer genoeg koopkrag nie. Hulle familielede kan ook nie meer bybly met die aanstuur van kos nie, omdat hulle self swaar kry. Op die oomblik lyk dit of die enigste oplossing vir ons is om maandeliks kosvoorraad vir die 80 persone op Musina te koop, dit in te voer en dit dan hier aan die studente en personeel, sowel as hulle afhanklikes, uit te deel.

Die Kommissie vir Getuienisaksie (KGA) van die familie van NG Kerke in die Wes- en Suid-Kaap,ontvang en bestuur bydraes van enigiemand wat graag wil bydra tot die noodleniging aan mense op en om Morgenster."

Die bankbesonderhede van die KGA:
ABSA Bank,Adderleystr,Kaapstad
Rekeningnaam: N G Kerk in SA
Rekeningnr: 360 740 579
Takkode: 312 109
Verwysing wat deposito moet vergesel: Morgenster Nood

*Hierdie e-posbrief (gedateer 26 Mei 2008) is per hand aan my oorhandig deur Tannie Ina Murray van Vergenoeg. Haar man was vir baie jare sendeling in Zimbabwe en haar seun Henry is tans hoof van Morgenster Sendingstasie.

☐ ***Nico Coetzee***

Inkululeko se doelwit is om hierdie potensiële straatkinders, wat gelukkig genoeg is om die skool by te woon, as gebalanseerde jong kinders die lewe in te stuur. Hier ontwikkel hulle selfvertroue, dissipline en basiese lewensvaardighede. Hulle presteer dan ook besonder goed wanneer hulle op skool kom. Die belangrikste is egter dat hulle hier 'n christelike grondslag kry wat sal hou. En wie weet hoe die Here hulle eendag in ons land gaan gebruik?

Jy kan help!
Ons is dringend op soek na iemand wat as skakel tussen Waverley-gemeente en Salvokop sal dien – wat die skool van tyd tot tyd sal besoek en met hulle in verbinding sal bly. Skakel asb vir Hennie Brittz (072 224 4475) as die Here dit op jou hart lê om dié liefdeswerk te doen.